



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: lekkerbekkie@annaemm.co.za

Die somerkasteel deur Anna Emm

Vandag is 'n baie lekker dag by die see. Nita speel op die strand terwyl die grootmense onder die sambreel kuier. 'n Entjie van Nita af speel 'n stout kind met 'n bal. Die stout kind skop die bal teen Nita se bene vas en sê nie eens jammer nie!

"Ek gaan daar eenkant speel waar jy my nie kan pla nie," sê sy vies vir die stout kind.

"Wat gaan jy doen?" vra die stout kind nuuskierig.

"Ek gaan 'n sandkasteel bou," sê Nita. Sy begin aanstap na die sagte sand toe. "'n SOMERkasteel."

"Ag so?" sê die stout kind. "Dan gaan ék 'n WINTERkasteel bou – daar reg langs joune op die sand."

Die stout kind gaan haal ook sy sy grafie en emmertjie, en begin 'n entjie van Nita af bou aan sy kasteel. Nita maak of sy hom nie sien nie, maar kan jy dit glo? Hoe verder daardie stout kind aan sy winterkasteel bou, hoe kouer word dit op die strand! Sommer gou waai die wind, en Nita vryf haar armpies om warm te word.

"Ag nee man!" raas sy met die stout kind. "Jou winterkasteel jaag die somer weg! Hou op bou!"

Maar die stout kind lag net en bou die kasteel al groter en groter. Nou kry Nita 'n plan. Sy skep nog 'n emmertjie vol sand, en bou haar somerkasteel óók groter en groter. En kan jy dit glo? Daar word dit weer 'n bietjie warmer op die strand, en die son kom agter die wolke uit!

Die stout kind grawe 'n tunnel al om sy kasteel en pak klippies vir 'n paadjie. Digte reënwolke kom hang in die lug. Nita plant grassies rondom haar kasteel en steek 'n vlaggie in die toring, en daar trek die winterwolke weer oop! Die winterkasteel word groter en groter, en nes dit begin koud raak op die strand, bou Nita die somerkasteel se mure hoër en hoër. Dan word dit weer bietjie warmer.

Maar die winterkasteel is groot. Baie groot. Net toe Nita die laaste skulpies op die somerkasteel se dak pak, val die mure inmekaar! 'n Paar groot reëndruppels begin nou val. Die stout kind lag tog te lekker. Net toe skop twee groot seuns 'n bal hoog in die lug in op, en die bal val bo-op die winterkasteel se dak! Die bal val die stout kind se kasteel sommer plat! Dadelik trek die reënwolke weg en die son se strale skyn warm. Die stout kind kyk na sy plat kasteel en begin huil

"Ag, toemaar wat," troos Nita en staan op. "Kom ons gaan swem eerder. Kyk net hoe lekker warm blink die son op die water. Een van die dae is die somer verby, en dan kan ons nie meer swem nie."

Die stout kind hou op huil. En dan gaan swem die tweetjies tog te lekker saam. Hulle sal later weer kastele bou.

Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek www.AnnaEmm.co.za

Gratis inkleurprentjie

Die somerkasteel illustrasie deur Elanie Bieldt



Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek www.AnnaEmm.co.za

Nuus uit die kantoor:

Kom ontmoet vir Gys de Villiers op 25 Januarie!

Na die groot sukses van sy eerste storie-CD in 2012, het ons vir Gys de Villiers oorreed om vir ons nog 'n paar kinderstories te kom opneem. "Die vreeslike vervelige lewe van Griet Muskiet" word op 25 Januarie vrygestel, en ons Kaapse kliënte kry die geleentheid om vir Gys self te kom ontmoet! Bespreek jou CD vooruit, en as jy dit die oggend met die vrystelling kom afhaal sal Gys jou CD onderteken, en kan jy 'n foto saam met hom laat neem. Toegang is gratis, maar ons het slegs 'n beperkte hoeveelheid CDs vir die oggend, so dis belangrik dat jy vooruit bestel.

Kontak natasha@annaemm.co.za of 021 930 0908 vir enige navrae.

Kom ontmoet vir Gys de Villiers!

Gys de Villiers het sopas 'n tweede CD met Afrikaanse Kinderstories opgeneem, en die CD word vrygestel op Sat 25 Jan van 09h00-11h00 by Anna Emm se kantore in Platteklouf!

Beperkte plek!
Besprekings @ R80 per CD (gewone prys R90)
Dit sluit 'n getekende CD in, 'n foto saam met Gys, koffie/tee, en 'n pakkie chips vir die kinders!



Anna Emm Produksies @ Bloomberg House
h/v Silberboom en Blouelie, Platteklouf
Bespreek by:
021 930 0908 | natasha@annaemm.co.za